# HILLCREST HIGH SCHOOL

**GRAAD 10**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 3**

**PUNTE: 100** **TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Opstel** | **(50)** |
| **AFDELING B:** | **Langer transaksionele teks** | **(30)** |
| **AFDELING C:** | **Korter transaksionele teks** | **(20)** |

2. **Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.**

3. **Skryf in die taal wat geassesseer word.**

4. **Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.**

5. **Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ens. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.**

6. **Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.**

7. **Beplan jou tyd só:**

   **AFDELING A: 60 minute**
   **AFDELING B: 40 minute**
   **AFDELING C: 20 minute**

8. **Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.**

9. **Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.**

10. **Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.**

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- **Kies EEN onderwerp en skryf 150-200 daaroor.**
- **Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.**
- **Daar MOET ‘n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde wat jy gebruik het, onder jou opstel neer.**

1.1 Dit was die lekkerste dag van my lewe! [50]

1.2 Ek en jy kan ’n verskil maak! [50]

1.3 My held. [50]

1.4 Ek is dankbaar vir ... [50]

1.5 Kinders kry te veel skoolwerk [50]

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL**: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



[50]

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

**TOTAAL VIR AFDELING A: [50]**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 2:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Daar MOET ‘n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.**

### 2.1 DIALOOG:

Jou maat het jou uitgenooi na ‘n konsert in Johannesburg. Jy moet jou ouers se toestemming vra, maar weet dat hulle baie streng is.

Skryf die dialoog tussen jou en jou ouers neer. [30]

### 2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF:

Jou ouma wil hê jy moet die vakansie by haar kom kuier, maar jy het al klaar ander planne vir die vakansie gemaak.

Skryf ‘n brief aan jou ouma waarin jy aan haar verduidelik hoekom jy nie kan gaan kuier nie. [30]

### 2.3 TOESPRAAK:

Dit is jou ouers se 25ste huweliksherdenking en jy moet die toespraak lewer.

Skryf die toespraak neer. [30]

### 2.4 HULDEBLYK:

‘n Familielid van jou is onlangs oorlede en jy is gevra om die huldeblyk by die begrafnis te lewer.

Skryf die huldeblyk neer. [30]

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS

**VRAAG 3:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Daar MOET ‘n beplanning, eerste poging en finale poging by jou skryfstuk wees.**
- **Skryf die aantal woorde aan die einde van die teks neer.**

**3.1 <u>DAGBOEKINSKRYWING</u>:**

Jy het ‘n partytjie vir jou beste maat gereël.

Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae soos volg:

- Die dag voor die partytjie
- Die dag na die partytjie [20]

**3.2 <u>INSTRUKSIES</u>:**

Jou ouers is bekommerd dat jy te veel tyd op jou selfoon deurbring. Hulle het instruksies gegee oor wanneer en waar jy jou selfoon mag of nie mag gebruik nie.

Skryf die SEWE INSTRUKSIES neer wat jou ouers vir jou gegee het. [20]

**3.3 <u>PLAKKAAT</u>:**

Jou troeteldier het gister weggeraak.

Ontwerp ’n PLAKKAAT waarin jy die gemeenskap vra om jou te help soek na jou troeteldier. [20]

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL : 100**